

Woensdag 14 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14

Fokusgedeelte: Lukas 18:11; HK Sondag 24, Antwoord 62

Die verkeerde maatstaf by die beoordeling van goeie werke

Daar is mense wat dink dat hulle goeie werke so baie en van so 'n beson-dere gehalte is dat dit kan dien om vir hulle geregtigheid voor God te verkry. Terselfdertyd sien hulle neer op ander wat volgens hulle oordeel nie dieselfde hoeveelheid en gehalte goeie werke as hulle het nie.

In die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar wat gaan bid het, kry ons met so 'n gesindheid te doen. Die Fariseër se gebed bestaan uit 'n negatiewe en 'n positiewe deel. In die negatiewe deel dank hy God dat hy nie so 'n son-daar soos ander mense is nie: “Diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie” (Luk. 18:11). In die positiewe deel vertel hy aan die Here wat hy wel doen. Dan blyk dit dat hy oënskynlik baie meer doen as wat in die wet van Moses bepaal is.

Met die tollenaar is dit baie anders gesteld. Hy besef dat hy as sondig en doemwaardig voor God staan. Daarom kyk hy af en slaan op sy bors om aan sy selfaanklag en berou uiting te gee. Al wat hy in sy nood kan uitroep, is net die snik: “O God, wees my, sondaar, genadig!” Hy het geen verdienste wat hy aan die Here kan voorhou nie. Daarom kan hy ook niks anders doen nie as om te pleit om God se genade.

Wat is die verskil tussen die twee? Die verskil is dat waar die tollenaar sy lewe aan God se wil as maatstaf getoets het en toe besef het dat hy 'n “son-daar” was, daar het die Fariseër sy handel en wandel aan die lewe van ander mense getoets, soos blyk uit sy woorde: “O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie.” Dit het hom gelei tot die gevolgtrekking dat sy saak reg is by God en dat God daarom verplig is om hom met die ewige lewe te beloon.

Dit is egter dwaas om die waarde van jou eie lewe *voor God* te bepaal deur dit met die lewens van ander mense te vergelyk, want God se maatstaf is totaal anders as die gedrag van ander mense. Die geregtigheid en goeie werke wat vir God aanvaarbaar is, moet volgens die Kategismus “heeltemal volmaak wees en in alle opsigte met die wet van God ooreenstem”, terwyl ons beste werke “almal onvolmaak en met sonde besmet is”.

Daarom het die geestelike lewe van die Fariseër ontspoor en het hy sy sonde in die oë van die Here glad nie geken nie. Daarom het hy hom ook nie voor God verootmoedig nie.

Ons moet leer om ons lewens soos die tollenaar met die maatstaf van God se Woord te beoordeel. Dan sal ons besef hoe onvolmaak en sondig selfs ons beste werke is. As ons ons dan voor God verootmoedig, sal ons die ware vry-spraak en regverdiging by Jesus Christus vind.